<table>
<tr><td>VAK EN GRAAD</td><td colspan="2">AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL GRAAD 10</td></tr>
<tr><td>KW 4</td><td colspan="2">WEEK 3</td></tr>
<tr><td>ONDERWERP</td><td colspan="2">Antonieme, Sinonieme en Paronieme</td></tr>
<tr><td>DOEL VAN DIE LES</td><td colspan="2">• Die doel van hierdie les is om antonieme, sinonieme en paronieme te hersien.</td></tr>
<tr><td rowspan="2">BRONNE</td><td>Papierbronne</td><td>Digitale bronne</td></tr>
<tr><td>• Doen weer die oefeninge in jou handboek en werk deur ou vraestelle om die verskillende antonieme, sinonieme en paronieme te oefen.
• Hulpbronne: A+ Afrikaans
• Afrikaans Sonder Grense Graad 11 / 12</td><td>Antonieme en Sinonieme
https://www.youtube.com/watch?v=YGn67Eyb5ZI

Woordbou om te help met paronieme:
https://www.youtube.com/watch?v=Ee-W5jpMGN4</td></tr>
<tr><td>INLEIDING</td><td colspan="2">• Dit is belangrik dat jy die konteks of agtergrond verstaan waarin sekere woorde gesê word sodat jy die teenoorgestelde (antoniem) of ‘n soortgelyke woord (sinoniem) vir die woorde kan gee.
• Jy moet ook eers woordbou verstaan en weet dat sommige woorde opgebreek kan word in sy kleinste vorm (stam) met voor- en agtervoegsels.</td></tr>
<tr><td>INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE)</td><td colspan="2">Konsepte wat jy moet ken om antonieme, sinonieme en paronieme te verstaan:

• Teenoorgestelde betekenis / antoniem
• Soortgelyke betekenis / sinoniem
• Paronieme
• Stam
• Voor- en agtervoegsels

1.1. Wat is antonieme?
Antonieme is woorde wat die teenoorgestelde betekenis het in die konteks van die sin. Bv. Die storie het ‘n gelukkige einde.
Die storie het ‘n ongelukkige / hartseer / slegte einde.</td></tr>
</table>

LEERWERK

Hier onder is 'n tabel met antonieme en hulle betekenisse wat jy kan leer. Probeer ook om sinne met die antonieme te maak.
Bv. Justin Bieber se musiek is **bekend.** Emily se musiek is nog **onbekend**.

Woord	Engelse vertaling
1. Bekend – onbekend	*Known – unknown*
2. Begin – einde	*beginning - end*
3. Dadelik - later	*Now – later*
4. Dieselfde – verskillend	*Same – different*
5. Dik – dun	*Thin - thick*
6. Harde – sagte	*Hard – soft*
7. Hartseer – vrolik	*Sad – happy*
8. Hitte – koue	*Heat – cold*
9. Hoog – laag	*High – low*
10. Vriende - vyande	*Friends – enemies*

1.2. Wat is sinonieme?

Sinonieme is woorde wat 'n soorgelyke betekenis het in die konteks van die sin. Bv. Die meisies hou van **praat** in die klas.
Die meisie hou van **gesels / klets** in die klas.

NB! Woorde se betekenisse word beïnvoed deur die konteks van die sin waarin dit staan. Maak seker jy verstaan die hele sin soordat jy die woord vervang met 'n sinoniem of 'n antoniem vervang.

LEERWERK:

Hier onder is 'n tabel met sinonieme wat jy kan leer. Probeer ook om sinne met die sinonieme te maak.

SINONIEME	**BETEKENIS (in Engels)**
Aarde – wêreld	*earth*
Fantasties – wonderlik	*Fantastic*
Lekker – heerlik	*Nice*
Huis – woning	*House*
Kar – motor	*Car*
Maats – vriende	*Friends*
Pad – straat	*Street*
Maer – slank	*Thin*
Kwaad – vies	*Mad*
Bly - gelukkige	*Happy*

	1.3. Wat is paronieme? Paronieme is woorde wat 'n gemeenskaplike / dieselfde stam bevat. Bv. Die woorde ge**lief**de, ver**lief**, **liefde**vol, **lief**ste bevat almal die **gemeensakplike stam = lief**.
(AKTIWITEITE / ASSESSERING)	**Vraag 1 : Antonieme** 1.1. Lees Sipho se avontuur en vervang elke vetgedrukte woord met 'n woord wat die teenorgestelde betekenis het sodat die paragraaf sin maak.  Sipho is **bang** om in die **vuurwarm** suidpool te gaan stap. Dit sal **slim** wees om die **veilige** staptog alleen aan te pak. **Ongelukkig** kon hy toerusting by **vyande** leen en hoef hy nie alles self te **verkoop** nie. So 'n **kort** staptog kan baie **goedkoop** wees. Hy **arriveer** oor twee dae vir dié **maklike** staptog. 1.2. Skryf die antonieme vir die vetgedrukte woorde in die onderstaande sinne. Kies jou antwoorde uit die woorde wat in die blokkie hier onder verskyn. begin min afsit vrae mooi bedags vlak jonk vroeër agterste beeldskone vraag afskakel dag bloedjong bloedjonk vroeg agter a.) Jamie sal die lig **aanskakel** sodat ons kan slaap. b.) Hy teken 'n **lelike** prentjie. c.) Dit is die **einde** van kwartaal. d.) **Snags** huil my baba boetie my wakker. e.) Ons kinders is **stokoud**. f.) Daar is **baie** water in die swembad. g.) Ek sit in die **voorste** ry in die klas. h.) Die kinders het baie **antwoorde** vir die juffrou. i.) Ons sal **later** na die inkopiesentrum vir brood gaan. j.) Ons kan nie in die **diep** swembad staan nie. 1.3. Tipiese eksamenvrae: 1.3.1. Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies. Die (kort) meisie sit voor my in die klas. 1.3.2. Gee die ANTONIEM vir die onderstreepte woord. Die span het 'n <u>slegte</u> wedstryd gehad.

Vraag 2 : Sinonieme

2.1. Gebruik die woorde in die prentjie om die vetgedrukte woorde in die sinne te vervang.



Woorde in die prentjie:

werk	aanwesig	vasbeslote	ramp	bevrees
onmiddellik	slim	nou	dalk	

a.) Al die rugbyspelers is by die oefening **teenwoordig**.
b.) Sean is 'n **intelligente** seun.
c.) Dit is 'n **katastrofe** dat spelers dink hulle kan net twee keer 'n week oefen.
d.) Jy moet **dadelik** na die veld toe gaan.
e.) Afrigters is **bang** hulle spelers word beseer.
f.) Die span sal **miskien** die wedstryd wen.
g.) Daar word **tans** hard netbal geoefen.
h.) Die span is **vasberade** om punte aan te teken.
i.) Hy kies om sport as 'n **beroep** te doen.

2.2. Pas die sinonieme in KOLOM A by die korrekte sinoniem in KOLOM B. Skryf die nommer (1 – 10) en langsaan die korrekte sinoniem uit KOLOM B neer.

KOLOM A	**KOLOM B**
1. baie	a) wêreld
2. slim	b) gevoelens
3. arm	c) fris
4. mooi	d) anders
5. bly	e) Intelligent
6. vet	f) welgesteld
7. emosies	g) talle

8. vreemd	h) gelukkig
9. ryk	i) behoeftig
10. aarde	j) pragtig

2.3 Tipiese eksamenvrae:

2.3.1 Gee die SINONIEM van die woord tussen hakies.
Die (aantreklike) meisie sit voor my in die klas.

2.3.2 Gee die SINONIEM vir die onderstreepte woord.
Die span het talle beserings in die wedstryd opgedoen.

Vraag 3 : Paronieme

3.1 Identifiseer die stam in die volgende woorde:

a.) vriendelik / vriendskap
b.) hatig / gehaat
c.) soekend / versoek
d.) verkiesing / gekies
e.) herken / verken
f.) gelede / verlede
g.) enigste / verenig
h.) tydelik / tydsaam
i.) binnekort / kortliks
j.) verlei / leiding

3.2. Gebruik die voorvoegsels in die blokkie om paronieme van die volgende woorde te vorm: **sleg, deel, maak, kry**

be - ver- ge-

3.3. Gebruik die agtervoegsels in die blokkie om paronieme van die volgende woorde te vorm: **hart, waar, vry**

-e -lik -elik -heid

3.4. Tipiese eksamenvraag:
Kies die korrekte woord tussen hakies.
Die (liefies/verliefde) meisie staar na haar kêrel.

MEMORANDUM	**Vraag 1: Antonieme** 1.1. Sipho is **bly / opgewonde** om in die **yskoue** suidpool te gaan stap. Dit sal **dom** wees om die **gevaarlike** staptog alleen aan te pak. **Gelukkig** kon hy die toerusting by **vriende** leen en hoef hy nie alles self te **koop** nie. So 'n **lang** staptog kan **duur** wees. Hy **vertrek** oor twee dae vir dié **moeilike** staptog. 1.2. a.) Jamie sal die lig **afskakel** sodat ons kan slaap. b.) Hy teken 'n **mooi** prentjie. c.) Dit is die **begin** van kwartaal vier. d.) **Bedags / Soggens** huil my baba boetie my wakker. e.) Ons kinders is **bloedjonk**. f.) Daar is **min** water in die swembad. g.) Ek sit in die **agterste** ry in die klas. h.) Die kinders het baie **vrae** vir die juffrou. i.) Ons sal **vroeër** na die inkopiesentrum vir brood gaan. j.) Ons kan nie in die **vlak** swembad staan nie. 1.3. 1.3.1. lang (***Oppas**: Die woord <u>lank</u> is nie korrek nie omdat die woord <u>voor</u> die woord <u>meisie</u> in die sin staan.)* 1.3.2. goeie **Vraag 2: Sinonieme** 2.1. a.) Al die rugbyspelers is by die oefening **aanwesig**. b.) Sean is 'n **slim** seun. c.) Dit is 'n **ramp** dat spelers dink hulle kan net twee keer 'n week oefen. d.) Jy moet **onmiddellik** na die veld toe gaan. e.) Afrigters is **bevrees** hulle spelers word beseer. f.) Die span sal **dalk** die wedstryd wen. g.) Daar word **nou** hard netbal geoefen. h.) Die span is **vasbeslote** om punte aan te teken. i.) Hy kies om sport as 'n **werk** te doen. 2.2. 1. talle 2. intelligent 3. behoeftig 4. pragtig 5. gelukkig

	6. fris 7. gevoelens 8. anders 9. welgesteld 10. wêreld 2.3 2.3.1 mooi of pragtig**e** *(Let op dat 'n "e" aan die woord <u>pragtig</u> gevoeg word sodat dit <u>voor</u> die woord <u>meisie</u> gebruik kan word.)* 2.3.2 baie of vele of menige (*Enige een*) **Vraag 3 : Paronieme** 3.1 a.) **vriend** b.) **haat** c.) **soek** d.) **kies** e.) **ken** f.) **enig** g.) **tyd** h.) **lei** 3.2 **Antwoorde: versleg, bedeel , verdeel, gedeel, verkry , gekry** 3.3. Antwoorde: **harte, hartlik, hartlikheid; waarlik, waarheid; vrylik, vryheid** 3.4 verliefde
WAARDES	Uitbreiding van woordeskat